M0412/98

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: SS.185/2003

DATUM: 7 AUGUSTUS 2003

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

DAWID JOUBERT

---

## VONNIS

N C ERASMUS, R:

Mnr Joubert, dit is nie 'n maklike taak om vonnis op te lê in 'n saak soos hierdie nie. Daar is verskeie oorwegings wat ek in ag neem wat insluit u persoonlike omstandighede met inbegrip van wie u is, waarvandaan u kom en wat die toekoms moontlik vir u kan inhou; die breër gemeenskap daarbuite, hulle verwagtinge, hulle vrese en overal hulle belange; die slagoffer ten opsigte van aanklagte 2 en 3, haar belange, haar vrese, haar verwagtinge; die feite van hierdie saak en onder andere, dat 'n persoon wat bejaard was, seker ook uitgesien het na sy aftrede en rus wie se

/....

lewe op 'n wreedaardige wyse geneem is. Nie net was sy lewe geneem nie, maar u en u mededader het absolute minagting getoon teenoor die liggaamlike integriteit van daardie persoon. Hy was nie net vasgebind, hande en voete agter sy rug nie, maar 'n lyfband is om sy nek geplaas en hy is verwurg. Hy is ook steekwonde toegedien en asof dit nie genoeg is nie, is sy skedel ingeslaan en sy liggaam daar in die gemors, in die gras ingeplaas. Dit lyk asof sy gesig daar ingedruk was en toe toegegooi was met hierdie gras en sand. Hy het op 'n wyse gesterf wat in die minste beskryf kan word as onmenslik.

Hy en sy vrou was in hierdie koninkryk van hulle veiligheid, hul huis en hul erf. U en u vriend of mededader het dit binnegedring en mev Fourie daar aangehou terwyl u op u plundertog gegaan het. Met baie min of weinig respek en deernis teenoor haar, 'n bejaarde dame. U het haar liggaamlike integriteit aangetas deur haar te ontklee, haar privaatdele te ontbloot en te betas.

Dit is hierdie tipe feite wat menigmaal lede van die gemeenskap noop om uitroepe te loods en selfs aksies te loods teen die regspleging en hulle uitroepe is na wraak. Hulle uitroepe vra 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand en as iemand gesterf het of so iets aangedoen het, moet die dader gedood word. Dit is die uitroepe en die wense van groot dele van die gemeenskap. Ek kan my nie daarteen blind staar nie, maar ek wens te onderskei tussen daardie wense en wat ek moet interpreteer as die belang van die gemeenskap.

/ ....

Die belang van die gemeenskap sluit in dat diegene, insluitende u self, wat sulke handelinge loods, dat hulle behoorlik gestraf word. Dat hulle gestraf word in so 'n mate dat die gemeenskap weet dat hulle kan vertroue het in die howe. Wanneer so 'n persoon voor 'n hof gebring word, dat hy gevonnis sal word tot 'n vonnis wat aanduidend is daarvan dat die howe en die gemeenskap nie sulke dade sal duld nie. Daardie boodskap moet baie duidelik uitgaan. Dit is moeilik om te onderskei tussen die boodskap wat uitgestuur moet word en dat u nie nou op die altaar geplaas moet word en geoffer word net om daardie boodskap uit te stuur nie.

Dit is wat dit so 'n moeilike taak maak want daar moet gebalanseer word. Vonnisse in die algemeen het sekere doelstellings, wat insluit die moontlikheid van rehabilitasie en 'n deeglike inagneming van u persoonlike omstandighede en deeglike oorweging van daardie omstandighede ten einde te bepaal of dit moontlik is om u te rehabiliteer en of dit in die belang van die gemeenskap is dat u ooit weer vrygelaat word.

Ek is gedagtig aan die feit dat u as 't ware vanaf 1972 voortdurend en met kort tussenposes in inrigtings was. U ouderdom word aangegee as 50 jaar oud. Dit beteken dat 31 jaar gelede is u vir die eerste maal na 'n verbeteringskool gestuur, wat die gevolg het dat u op daardie stadium 19 jaar oud was. Dit laat my betwyfel of u ouderdom inderdaad is wat u sê dit is, want u sou nie na 'n verbeteringskool gestuur word as u oor die ouderdom van 18 was nie, maar dit daar gelaat. Ek sal in u guns

/ ....

aanvaar dat u dan op daardie ouderdom na 'n verbeteringskool gestuur was en dit was vir niks minder as huisbrake nie. Daarna het u voortgegaan, dit is óf huisbrake en diefstal óf diefstal op sigself óf pogings daartoe en dit het progressief gevorder totdat u aan die einde geweldsmisdade gepleeg het, aanrandings, besit van gevaarlike wapens, besit van vuurwapens en ammunisie totdat u uiteindelik in 1997 met die gereg gebots het vir poging tot moord. U is lang vonnisse opgelê, u is gewaarsku dat u tot gewoontemisdadiger verklaar kan word. U sê dat u u onderwyspeil gelig het van st.3 na st.6, maar verder blyk dit nie of dit enige effek op u gehad het nie, want u is twee maande voor hierdie voorval uit die gevangenis vrygelaat. U was steeds op parool toe u hierdie weersinwekkende misdrywe gepleeg het.

Hierdie misdrywe op sigself, net om na die aard daarvan te kyk, is ernstig en van die mees ernstigste wat in ons howe voorkom. Wat egter erg verswarend teen u tel, is wat ek reeds genoem het, die feit dat dit gepleeg is in 'n persoon se huis, op sy perseel maar wat ek glo verswarend moet tel in gevalle soos hierdie, is die feit dat bejaarde persone was en op klagtes twee en drie ook 'n vrou was, toevallig 'n bejaarde vrou. Howe en die regstelsel het, na my mening, het 'n plig om daardie dele van ons gemeenskap wat as gevolg van of ouderdom of swak gesondheid of een of ander aspek wat beskryf kan word as 'n gebrek, te beskerm en dat daar besondere beskerming verleen word, dat wanneer misdrywe gepleeg word teenoor persone wat in daardie kategorieë val, vrouens, kinders, bejaardes en so meer, moet die verswarende aspek van daardie misdrywe beklemtoon word in die

/....

vonnisse. Sou dit nie behoorlik in ag geneem word, sal 'n Hof sy plig versuim.

Die skade wat aangerig is, is groot. 'n Lewe is geneem, finansiële skade is aangerig, sielkundige skade is aangerig en dit gaan verder as bloot die slagoffers in die kleine in hierdie geval, die Hof kan kennis neem van watter effek so 'n voorval, wat wyd gepubliseer was, op ons as 'n nasie het. Mense raak paranoïes, mev Fourie sê vir ons hulle het 'n kluis, maar hulle slaap met hulle vuurwapens sommer hier in die hangkas want jy weet nooit wat gaan om die volgende draai gebeur nie. Hier was 'n wilde jaagtog deur die strate. Is dit waartoe ons strewe as 'n nasie? Die antwoord is nee, ons streef na vryheid, geregtigheid en om in vrede saam met mekaar te lewe en dit is hierdie tipe optredes wat daardie negatiewe beeld net vererger en die tyd het aangebreek dat daar 'n stop aangesit word. 'n Stop moet daaraan gesit word deurdat nie net die polisie met optrede, soos wat hulle in hierdie geval opgetree het nie, moet voortgaan nie, maar ook dat die howe behoorlike ondersteuning aan die gemeenskap moet gee ten einde dit te voorkom en weer daardie vertroue te skep. Genoeg daaroor.

Die vraag ontstaan, watter vonnisse opgelê moet word. Ek het geen huiwering om te bevind dat ten opsigte van aanklag 1 die swaarste vonnis wat 'n Hof kan oplê in hierdie land, aan u opgelê behoort te word omrede die erns van die misdryf dit vereis, maar ook in 'n balansering van die faktore, is dit vir my baie duidelik dat u nie die geleentheid gegun moet word om binne die gemeenskap te funksioneer nie en my doel is,

/ ....

na my mening, in 'n ewewigtige balansering van al die faktore, om u permanent uit die gemeenskap te verwyder.

Wat aanklag 2 aanbetref, is daar 'n minimum vonnis voorgeskryf deur die Wetgewer - en met rede - want dit is 'n euwel wat getref het en die vonnisse wat die Wetgewer voorskryf is bloot die feit dat dit vervat is nou in wetgewing die gemeenskap se gevoel. Hierdie misdryf kan ook beskryf word as 'n plaasaanval wat ook verrykende gevolge vir ons as 'n gemeenskap en as 'n volk het. In die lig van die omstandighede daarvan, is ek van mening dat selfs die minimum voorgeskrewe vonnis te min sal wees.

Op die onsedelike aanranding aanklag, het ek die slagoffer in die hof waargeneem. Sy is 'n sterk vrou, tenger dalk in bou, maar emosioneel sterk. Die wyse hoe sy haar getuienis afgelê het, die wyse hoe sy hierdie hele aanval en inbreukmaking van haar regte hanteer het. Sy het vir ons gesê al wat sy op staatgemaak het, is op die krag van Bo en dit is baie duidelik dat dit dalk vir haar 'n inspirasie was en na haar mening haar redding was maar sy is gelukkig dat sy ook nie dalk die lewe verlaat het nie, maar u het haar hulpeloos gelaat, onder andere, nadat u haar so onsedelik aangerand het, vasgemaak, mond toegebind. Sy is 'n bejaarde vrou, jare lank haar lewe gewy aan 'n huwelik van 47 jaar. Ek kan my net indink watter effek so 'n liggaamlike aantasting van wildvreemde kriminele boewe in haar huis op haar sou gehad het om haar privaatdele te ontbloot en te betas. Ek is mening dat selfs op daardie aanklag gevangenisstraf van 'n redelike lang termyn opgelê behoort te word.

/ ....

In die lig van die kort opmerkings wat ek nou gemaak het, is ek van mening dat die volgende vonnisse gepaste vonnisse is:

Op aanklag 1, dit is die moordaanklag op mnr Abraham Fourie, word u gevonnis tot LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF.

Op aanklag 2, die roofaanklag, word u gevonnis tot TWINTIG (20) JAAR GEVANGENISSTRAF.

Op aanklag 3, die onsedelike aanrandingaanklag, word u gevonnis tot SEWE (7) JAAR GEVANGENISSTRAF.

Ek is ook geroepe in die lig van Wetgewing om 'n bevel te maak oor u geskiktheid om oor 'n vuurwapen te beskik, sover dit relevant sou wees, word ONBEVOEG VERKLAAR OM OOIT 'N VUURWAPEN TE BESIT.

N C ERASMUS, R